# BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

**September 2016**

# CQ BOLAND

## Van die **VOORSITTER**

Hierdie is die eerste uitgawe van CQ Boland onder die redaksie van Deon ZR1DE. Dankie Deon dat jy bereid is om die taak aan te pak. Toekomstige uitgiftes sal hoofsaaklik tegnies van aard wees. Daar sal ongeveer drie tegniese onderwerpe aangebied word wat op grade van gevorderdheid, saamgestel sal word. Klub lede word versoek om bydraes te lewer.

Die BARK ledetal staan tans op 88 en ons vertrou dat die lede wie nog nie hulle ledegeld betaal het nie van die geleentheid gebruik sal maak om voor of met die September 2016 vergadering te betaal. Lede wie nie teen die tyd hulle ledegeld betaal nie se lidmaatskap sal outomaties verval.

Ter inligting, Rassie Erasmus ZS1YT en Mike Kellett ZS1TAF is die klub se verteenwoordigers op die WKHWG. BARK het vir Jan van der Vyver ZS1VDV en vir Paul van Spronson ZS1V aangewys as HF Assessors.

CQ HOU KOERS vind op 22 Oktober 2016 te Piketberg plaas. Sulks neem die vorm van ‘n nagmars aan waar klub-lede komunikasie sal aanbied . Johan ZS1RX sien om na koordinering en lede wie kan help moet Johan so gou moontlik kontak.

Die volgende BARK ledevergadering vind plaas op 24 September 2016 by Die Voortrekker terrein in Simonsbergweg, Stellenbosch. Ek sien daarna uit om u daar te sien.

Onthou dat u op hoogte kan bly deur BARK se Facebook blad facebook.com/bolandamateurradioklub of die webwerf http://bark.org.za te besoek.

**Conradt, ZS1ES**

The **International Lighthouse and Lightship Weekend** (ILLW) is an annual

event held on the third full weekend of August each year. The event was the brainchild of John Forsyth and Mike Dalrymple who were members of the Ayr Amateur Radio Group in Scotland. The event, which started in 1998, has developed into an international gathering of amateur radio operators from an estimated 95 countries. Concurrent with this event the Association of Lighthouse Keepers conduct their Lighthouse Heritage Weekend whereby lighthouse managers and keepers all around the world are encouraged to open their doors to the public for a viewing of their lighthouse and its history. The event is currently managed by an Australia amateur radio operator, Kevin Mulcahy vk2ce, who has been involved with it since 1998 and who now owns the domain name and web site. A small team of volunteers assist in the running of the weekend activity. Major amateur radio organizations such as the Radio Society of Great Britain, the Amateur Radio Radio League of America, the Wireless Institute of Australia support and promote the weekend which accounts for the large number of countries that participate each year.

The objective of ILLW event is stated as "to promote public awareness of lighthouses and lightships and their need for preservation and restoration, to promote amateur radio and to foster International goodwill." Unfortunately quite a lot of these magnificent structures are suffering from neglect and vandalism and it is the function of this event to make people aware of the need to conserve these historic aids to navigation before their existence is lost.

## VUURTORINGS OP DIE LUG 2016

*Deur Johan, ZS1RX*

Soos die vorige jare het BARK weer aktief deelgeneem aan die “Vuurtorings op die Lug” aktiwiteit. Hierdie is ’n pret aktiwiteit waar amateurs radio-stasies by soveel as moontlik vuurtorings regoor die aarde oprig en kontak maak met ander vuurtorings en sommer enige amateur wat wil saamgesels.

Vanjaar se span by Agulhas was sewe man sterk. Dit was nou Rassie, ZS1YT, - Deon, ZS1G - Anton, ZS1ASV – David, ZS1DDK – Fabian, ZR1FQ – Andre, ZS1AN en die uwe ZS1RX.

Ons het reeds Vrydag-oggend vertrek. Onthou dit is ‘n lang pad na die mees Suidelikste punt van Afrika. Teen 16:00 die middag was al die toetse gedoen en die stasie operasioneel. Toe die groot wag tot die aktiwiteit amptelik begin. Nou wat doen amateurs as hulle moet wag? Hulle braai. So ons het gebraai. Trevor, ZS1TR, sluit ook by ons aan vir die braai.

Anton, ZS1ASV en Andre, ZS1AN besig om die antenna gereed te kry

Saterdag-oggend begin ons met alle erns te werk en begin kontakte maak. Later kom Wim, ZS1SWB, en Deon, ZR1DE, ook by ons kuier.

Saterdag-laatmiddag raak die bande stil en ondersteen ons die plaaslike besighede.

Sondag-oggend se bulletin kom vanaf Agulhas Vuurtoring op 80 meter. Hierdie is ’n tradisie vir baie jare. Na die bulletin begin ons stadig oppak en die stasie aftakel.

Deon, ZS1G en Andre, ZS1AN besig om kontakte te maak

Dit was weereens ’n heerlike amateur naweek en ons het die terdeë geniet.

Volgende jaar maak ons weer so.

# Ouderdom, Stokperdjies en Speelgoed

Mense wat hul toewy aan stokperdjies dwing bewondering by my af. Maak nie saak wát dit is nie, daardie fokus op ‘n enkele doending,die tyd en geld wat daaraan afgestaan word, laat my my hande in luide applous saamslaan. So skryf Annemarie van der Walt nou onlangs in Die Burger.

“Kom ry vir ‘n slag weer perd,” bel ‘n verstandige vriendin onlangs. Ek huiwer, maar nie vir lank nie. Ouderdom is ‘n nare ding, maar seker nie so mislik dat ‘n mens nie meer in die saal kan sit nie.

Die rut begin rustig. Die uitsig oor Starvation Creek to oor die vertes van Elandshoogte laat my siel sing, die reuk van salpeter sus my sintuie, ek onthou dat Kegeloefeninge oorbodig is as jy jou knieë moet gebruik om op ‘n perd se rug te bly.

En toe on wegtrek op ‘n galop oor die vlaktes en ek die teuels laat skiet, toe wéét ek weer presies hoe oorgawe en vryheid voel.

Die enigste stok in die perdstorie was ek – dae lank daarna van styfheid was dit die veiligste om soggens uit die bed te rol.

Ouderdom is ‘n simpel knutsel.

Maar moet nie dat dit jou teneergedruk laat voel nie. In Bloemfontein, so word vertel, woon Bruce Sapsford met 68 somers agter die rug. Sedert 1966 bou en versamel hy skaalmodel motors, en vandag staan sy versameling op 475 modelle. Hy stal gereeld uit by skoue en dit gee hom die geleentheid om met mense in aanraking te kom. Soos hy self sê: “Dit is my passie en my tydverdryf”.

Maar ‘n bietjie nader aan die huis. Die Veteraan Trekker Vereniging het vanjaar weer sy skou op ‘n plaas naby Malmesbury gehou. En daar was nie net uitgestal nie, Die masjiene het gewerk en gewerskaf soos dit hoort op ‘n plaas. In die volgende uitgawe van CQ Boland vertel on meer.



**Deon ZR1DE**

***Het jy geweet?***

## Die Linîere Versterker.

Die aktiewe onderdeel in ‘n versterker reageer soos ‘n skakelaar, maar anders as net die ’aan’ en ‘af’ kondisies van ‘n egte sakelaar, bestaan daar ook tussen kondisies waar die onderdeel ‘n spesifieke weerstands waarde vertoon.

Sulke aktiewe onderdele soos vakuum buise of transistors kan dan ook in verskillende klasse bedryf word.

In bedryfsklas A sal so’n onderdeel nooit ten volle in die ‘aan’ of ‘af’ kondisie bedryf word nie; dit is altyd in ‘n intermediêre toestand.

Bedryfsklas B skakel die onderdeel ten volle af vir omtrent 50% van die tyd, maar skakel dit nooit ten volle aan nie.

In klas C konfigurasie skakel die onderdeel af vir ongeveer 66% van die tyd, en bereik ook feitlik die volle aan toestand.

Klas D skakel so vinnig moontlik tussen die aan en af kondisies.

Gedurende die bedryfsiklus word die hoogste effektiwiteit bereik wanneer die aktiewe onderdeel die meeste van die tyd in die aan of af kondisie deurbring en die minste in die tussen weerstands toestand. Vir hierdie rede is dit dat die effektiwiteit toeneem vanaf klas A na klas D.

By ‘n linêre versterker word bedoel dat die uitset sein identies is aan die inset sein, behalwe dat dit sterker is. Nie alle versterkers reageer so nie. Linîere versterkers word bedryf as klas A, AB of B. Dit word gebruik vir modusse soos SSB waar dit krities is dat die uitset ‘n goeie reproduksie is van die inset. Klas C versterkers word by FM senders aangewend waar die frekwensie verandering gereproduseer word maar die verwringing van amplitude nie belangrik is nie. Sommige digitale modusse soos RTTY en FSK is almal ‘n vorm van FM, en kan daar dus van klas C of D versterkers gebruik gemaak word.

**ARRL Handbook p 17,2**

# PUBLIC RELATIONS FOR AMATEUR RADIO

## Guideline for Clubs

**Definition**

There are many definitions of public relations. Perhaps the most universal and practical one is: Public Relations is a planned, deliberate and sustained programme that will influence the target market and result in a positive response.

**Target Market**

In defining the target market, one should start at home. If the programme can positively influence the members of a club and Radio Amateurs and short-wave listeners at large, we are creating a larger team who believe in Amateur Radio's mission and have the mindset to carry out and support the messages.

If Radio Amateurs are negative about their club, and the club negative about the South African Radio League, how can we expect anyone else to believe in Amateur Radio? Least of all the public at large and the regulatory authorities! If for example the Department of Environmental Affairs has a negative image of Amateur Radio how can we expect their support when drawing up guidelines and regulations controlling antenna structures?

Let us first consider the "internal target market", they are

- Members of your club
- Member's families
- Radio Amateurs
- Other Clubs
- Short-wave Listeners

It is logical to include Short-wave listeners in our internal target group because they already have an interest in radio, and can make up an important lobby group.

**MEDIA**

What media can be used to reach our internal target market?

1. Club bulletins on the air
2. Discussion nets
3. Club Newsletters
4. WebPages

5 Radio ZS

6 Amateur Radio Mirror International

**Club Bulletins**

Club "on the air" bulletins reach a wide audience, often much wider than the specific target group.

It is one of most powerful communication channels.

**Note: This is an abstract from the document 'Public Relations for Amateur Radio, Guidelines forClubs" as presented by the SARL. The full document is available on the SARL Website. (Ed)**